### *Die geskenk van Cyrenius aan Markus*

**186** Nadat alles byna opgeëet is, roep Cyrenius vir Markus en sy vrou, dank die eerste vir die goeie maaltyd en sy nog steeds onverminderde gasvryheid, en die vrou prys hy vir haar goeie kookkuns, want sulke voortreflik voorbereide voedsel het hy nog nooit geëet nie. Veral die visse oortref deur hul heerlike, volle smaak verreweg al die ander.

[2] Na hierdie lofuiting sê **Cyrenius** aan Markus: "Maar, ou krygsmakker, gaan jy nou eers na die wit muildier daar! Op sy rug dra dit iets vir jou en jou familie. Jy het lank genoeg ontberinge gely en jy het te kampe gehad met allerlei nood en teenspoed, maar nou sal hierdie onbenydenswaardige toestand in één oomblik eindig! In beide sakke sal jy soveel goud en silwer vind, sodat jy daarmee maklik `n beter woonhuis sal kan laat bou, en by die nuwe, beter huis, `n akker en weidinggrond sal kan koop, sodat jy met jou familie baie goed van die akkerbou sal kan lewe! Die oorblywende wat die sak mag bevat, kan jy as `n goeie appeltjie vir die dors hou, want solank ons op hierdie aarde volgens die Wil van die Meester moet lewe, mag ook die middele daarvoor nie heeltemal ontbreek nie!

[3] Solank ons geen gode is nie, moet ons in die sweet van ons aanskyn ons brood verdien - die een op hierdie en die ander op daardie wyse, elkeen het genoeg te doen en mag die hande nie in die skoot sit nie. Maar soos jy wat al voldoende gewerk het, hy kan op sy oudag dit vir hom heelwat makliker maak. Gaan dus en neem die klein gawe in ontvangs, en die Meester seën jou daarmee!"

[4] Tot trane geroer dank Markus vir Cyrenius - en behalwe Cyrenius in sekere sin hoofsaaklik vir My, want hy sê: hoewel die gawe van Cyrenius gekom het, was hy tog volkome daarvan oortuig dat Ek die oorsaak van alles was, daarom dank hy My in die eerste plek!

[5] Maar **Ek** sê: "Neem wat mense jou gee, en gebruik dit, maar heg geen waarde daaraan nie! Want so presies gemeet soos elke aardse gawe is, so onmeetbaar is die aardse lewe van die mens! Vandag is jy nog meester van jou skatte en môre eis mense jou siel op! Wat kan jy dan gee om jou siel van die ewige dood te red?

**[6] Laat elkeen daarom vóór alles die Ryk van Elohim soek, en dan sal al die ander hom na behoefte ekstra gegee word!**

[7] Maar wat hy ontvang, kry hy nie om dit op te hoop nie, maar om dit verstandig en wys te gebruik vir die beswil van homself en ander. Jy sal baie egte armes vind. Hul nood moet jou hart verkwik omdat jy nou geestelik en liggaamlik die middele ontvang het om die nood te versag en die treurige hart van die arme broer te verbly!

[8] Kyk, elke blye hart wat jy in My Naam verkwik het, sal eenmaal `n nuwe hemel vol salighede sonder maat en tal vir jou word, en dit sal jou reeds op hierdie aarde verkwik soos wat geen ander aardse geluk dit kan nie, **en dit sal in jou die egte vrede teweegbring** - `n vrede wat die wêreld nie ken nie! Gaan dus nou en neem alles in ontvangs!"

[9] En die oue gaan met sy twee seuns, neem die groot en ryk gevulde sakke in ontvangs en bring hulle na `n veilige plek vir bewaring. Nadat hy weer te voorskyn gekom het, bedank hy nogmaals vir alles en vra My wat daar uiteindelik vir die middag gedoen moes word.

[10] **Ek** sê: "Maak jou skepe klaar, dan sal ons, omdat dit vandag so mooi en windstil is, `n bietjie op see rondvaar! Jy kan dan ook nog `n keer die groot net in die see uitgooi en dan sal jy `n tweede geseënde trek en vangs maak!"

[11] Daarop beveel Markus dadelik sy seuns en die vier ouer dogters om die vaartuig in orde te kry, en ook die net. Ook moet hulle nasien of die omheinde groot vishouer nog heeltemal in orde is, en individuele gate dadelik so goed moontlik met struike en klippe toestop.

[12] **Die seuns** sê: "Vader dit het ons vier dae gelede al gedoen en daarom sal alles nog heeltemal goed in orde wees, want na die tyd was daar geen stormweer gewees nie; maar om op die oomblik heeltemal seker te kan wees sal ons dit tog nasien." - Toe gaan die seuns op pad, bekyk alles en kom gou terug met die mededeling dat alles nog in prima toestand is.

[13] **Ek** sê: "Laat ons dan gaan en ons inskeep op die kleinere skepe wat elk, sonder gevaar, maklik twaalf persone kan vervoer!" - Elkeen staan toe op en volg My.

### *Plesiervaart op see*

**187** Toe ons by die oewer kom, trek die seuns dadelik die grootste en beste skip na ons toe en ons gaan in die skip op die klaargesette banke sit. Altwee seuns neem die roeispane en roei ons vaartuig taamlik vinnig van die oewer af weg. In My skip was daar behalwe Ek, Cyrenius, Josoë, die ou Markus en Petrus, Johannes en Jakobus. Al die ander leerlinge volg ons na op die ander skepe, asook die hofhouding van Cyrenius. Maar in ons

skip lê die groot visnet ook op goeie vissersmanier opgevou.

[2] Toe ons ongeveer vyf veldweë van die oewer verwyderd was, vra **Markus**: "Meester, sê ons waar ons die net moet uitgooi!"

[3] **Ek** sê: "Dit sal Ek wel op die regte oomblik doen, maar nog nie nou en hier nie! Ons is nog geen half uur op die water nie en wil daarom nie dadelik die rus daarvan verstoor en haar geeste wek nie, wat ons vervolgens baie sou kon pla. Maar meer na die weste en nader aan die veilige oewer sal ons die net wel uitwerp. Nou sal ons niks anders doen as net rus met die rus van die see. As iemand van julle egter iets wil weet, dan staan dit hom vry om dit aan My te vra."

[4] **Cyrenius** sê: "Wat my van die gesin van Markus veral opval, is dat sy vier oudste dogters tesame net soveel krag het om te roei as sy twee, jy kan wel sê, reusagtige sterke seuns! - Markus, jy was ook wel `n bietjie van `n atleet, maar jou seuns het jou tog ver oortref!"

[5] **Markus** sê: "Ja, maar nou kom hulle krag vir my ook ietwat buitengewoon voor, want hulle roeispane trek so kragtig en onvermoeibaar dat die skip asof deur die wind gedrewe oor die see oppervlak gly. Helaas, met hierdie snelheid sou mens binne `n halwe dag in Kis of selfs in die buurt van Sibara kan kom, waar jy andersins tog sekerlik twee dae voor nodig sou hê! Tot by Genesaret sou mens so in `n paar uur kom, en tot by Jesaira in vier.

[6] As my ou oë my nie bedrieg nie, ontdek ek nou ook reeds die hoë berg wat van hier uit die stad Genésaret aan die linkersy grens! Hy sien daar wel heel blou en dus veraf uit - maar dit sê niks, ons snelheid laat weldra elke nog so blou uitsiende verte wyk! Maar die onvermoeibare krag van beide my seuns kan ek nie genoeg bewonder nie! U het daar, o Meester, seker ook met U almagtige gewyde wil die hand in die spel!?"

[7] **Ek** sê: "Ja, beste vriend Markus, Ek moet met My wil orals, waar daar `n in wording, wese en bestaan is, van die grootste tot die kleinste, sê maar oneindig gevarieerd die hand in die spel hê. Anders sou die eindelose ruimte maar al te gou sonder wesens wees; en dus is dit bes moontlik dat My wil hom nou met jou seuns besig hou."

[8] Toe sê die **die drie leerlinge** wat op die skip aanwesig was, aan mekaar: "Dikwels is daar tog iets vreemds met ons Majesteit en Meester! So nou en dan praat Hy heeltemal as die enige Majesteit van hemele en aarde, en dan gedra Hy Hom ook so, maar by ander geleenthede is Hy heeltemal mens en laat van Sy goddelikheid niks merk nie! Alles wat Hy sê en doen is weliswaar onbegryplik wys, maar dat Hy Hom desondanks al Sy goddelike Mag en Wysheid binnekort deur die fariseërs te Jerusalem ten dode toe moet laat mishandel, dit sou mens tog sekerlik nie wys kan noem nie! Want watter baat sal die mensdom uiteindelik hê deur so `n mishandeling? Die mensdom sal daarmee op `n dwaalspoor raak en sal sê: 'Kyk nou tog na die lot van die Magtige: Hy het tog uiteindelik nog ten offer geval van die nog sterkere! Hy, wat die dooies opgewek en berge verplaas het, sou tog ook in staat moes gewees om met één Woord die tempelknegte te vernietig!?'

[9] In Noag se tyd moes die hele mensdom ondergaan, behalwe Noag en sy klein familie; en tog was die mense toe nog lank nie so sleg soos wat hulle nou oor die algemeen is nie. En omdat die meeste van die mense nou al so sleg en verdorwe is dat dit haas nie erger kan nie, wil Hy Hom nou nog Self ook deur hulle laat mishandel, in plaas daarvan dat Hy hulle harder as ten tye van Sodom en Noag moet straf! Kortom, baie van wat Hy in goddelike opsig doen, is nog meer onverstaanbaar as die groot onbekende!"